Kultuur en Politiek 191. T. 2 (50/1) 1.
(Kleinverskuiwing in ons Nas. Pol.)

I Skeidslyn: Kult. en Pol.?

Klagtes i.v.m. Geloftedag, Krugerdag, en later Rep.-dag (Geval in Suidwes!)
Kritici het^n gelyk gehad!
Waarom kan ons dit sê? – Nie in sin soos hulle dit bedoel het nie; nie regstreeks nie, maar onregstreeks wel.
Ons praat daar b.v. oor wording van ons land en volk, oor nas. ideale, oor vaderlandsliefde, oor ons rep. verlede, oor die skeiding van die rasse, oor die bewaring van die blankedom, oor die stryd teen die Komm.
Al hierdie dinge lê immers op die pol. terrein, maar ons weet: ook middel in die kult. terrein.
Immers, alles wat met die vooruitgang en behoud van jou volk te doen het is pol.; maar veel daarvan is vanselfsprekend ook kultuur. Wel sekere praktiese dinge van alledaagse lewe, soos wetg. rakende vervoer, maatskappye, belastings, wat nie noodwendig op kult. terrein lê nie. Maar groot dinge, soos taalregte, vlag, volkslied, burgerskap, onderlinge groepsverhoudinge,

(2.

staatsvorm, lê sowel op die pol. terr. as die kult. Trouens, 'n pol. party sê in sy program van beginsels bv. hy staan vir gelyke taalregte, vir 'n republiek, vir 'n eie vlag en volkslied: – Dan is hierdie dinge in die politiek en hulle kan selfs pol. strydvrae word, maar hulle is ook in die middel van ons kult.-lewe.

Dis duid.: Kult. en Pol. oorvleuel mekaar op so baie – en sulke belangrike – plekke dat daar geen sprake van 'n algehele skeiding kan wees nie. Vandaar dat ons kan sê dat die kritici van ons Geloftedae, Krugerdae – of skoon dikwels negatief, kleinserig en liggeraak – op die lange duur, en in ruime liggewing, ook gelyk gehad het.

Ek maak die stelling: Sonder die diepe kulturele onderbou van die Afrikaner, sonder die Gen. v. Regte Afrikaners, sonder ons Geloftedae, Krugerdae, sonder die F.A.K., sonder die Ossewatrek, sonder ons Skakelkomitees, ~~sonder~~ sou die

Nas. Party nooit op glorieryke opgang gemaak het, en nie in 1948 aan die bewind gekom het nie.

II **Nas. Politiek.**

Hier het ons veral te doen met die Nas. Party

Gebore uit voorgangers: Afrikanerbond in Kaapland, Afrikaners van die ou Boererepublieke, OVS. en S.A.R. Veral toenadering tussen Afrikaners ná Jameson Inval in Tvl.

Gebore uit die beheeftes v.d. Afr. — en leidsmanne het dit ruiterlik gesê: (Onze Jan) Pres. Steyn, genl. Hertzog, dr. Malan.

Nas. Party het opgekom as party van die Afr. - Genl. Hertzog: S. A. Eerste, waarmee hy gevoel v. Afr. vertolk het.

As kind en jongman het ek vergs. bygewoon van pres. Steyn, genl. Hertzog en dr. Malan, en oral het hulle die belange v. d. Afr. gestel en as leiers van die Afr. gepraat: andere was

ook welkom, maar dan moes hulle na die Afr. kom.
Die Nas. Party in sy wordingjare, was die party v.d. Afr., en nas. pol. was die pol. v.d. Afr. nasionalis. Taalgrens was veelal ~~ook~~ pol. grens, met weinig ~~uitsonderinge~~ uitsonderinge van Eng. kant. Afr. was wel ook in Eng. kamp, maar Eng. was nie in Afr.-kamp nie. Die nas. Party ~~Vir die Afr.~~ was ~~die party v.d. Afr. in die~~ ~~Nas. Party was bly en die~~ belange van die Afr.-volk ~~partygenote — die Afrikaners~~ het voorop gegaan; en die Party en sy leiers het sterk daarvoor uitgekom. Kult. en Pol. was amper sinoniem.

III ~~Klemverskuiwing.~~

## Klemverskuiwing.

Maar in S. Afr. kon dit nie die laaste woord wees nie; dit kon nie in 'n demokr. land ~~met~~ die laaste woord wees nie, veral nie in ~~'n~~ S.Afr. met sy twee groot blanke taalgroepe nie. Dit het pol. leiers geweet en dit weet ons almal. Onder ons stelsel moet

party groot word, ~~[illegible]~~ die
getal van sy ondersteuners
moet groei; as hy aan die
bewind wil kom en aan
die bewind wil bly.
Die Nas. Party het besef dat
hy nie net die party van
die Afr. kan bly nie; hy
het bewustelik daarna
gestreef om ook die
steun van anderstaliges
te wen. Hy het besef dat die
Afr. hom nog altyd daar
moes tuis voel, maar ander
moes bykom. Genl. H. en
dr. M. het dit al duidelik
gestel.
In 1948 het die Nas. Party
aan die bewind gekom — met
'n meerderh. v. 5 in die Volksraad.
Dr. M. het gesê heelwat
Eng-spr.e het reeds vir die
Nas. Party gestem — dit was
ongetwyfeld só.
Toe moes daar meer en
meer anderstalige steun
gewen word — om aan die
bewind te bly. En dit het
gebeur: die Nas. Party het
gegroei, en sy pos. het
vrywel onaantasbaar geword.
Maar taalgrens was nie —

en kon nie meer wees nie — pol. grens soos vroeër nie. Nas. leiers het nie meer — en kon nie meer — 'n beroep op Afr.-volksgevoel maak nie. Die volk en die taal kon by die leier op die platvorm nie meer die oproep wees nie. Natuurlik sal die Party en die Nas. Reg. die belange van die Afr. dien en beskerm, en hy kan hom nog altyd by Party en Reg. tuis voel, maar die belangstelling en werk v. Party en Reg. strek ver buite die spesifieke belange v.d. Afr.-volk. Dit is nou S.-Afr. wat gedien moet word, Afr.-spr. en Eng.-spr. en blank en bruin en swart. En S.-Afr. moet só gedien word dat hy ook teenoor die buitewêreld standpunt kan inneem, en dit gebeur vandag. Dit is inderdaad 'n ver pad weg van 'n Nas. Party v.d. Afr. van die beginjare — en dit kon nie anders wees nie.

Klemverskuiwing: Van party

nas.
v.d. Afr., na party van die nas. S.-Afr.

IV Toekoms

Vanselfsprekend hou dit uit kult. oogpunt v.d. Afr. groot gevare in. Pol. en kult.-stryd nie meer oral hand aan hand nie — en ons moet en kan dit nie verwag nie. Meer as ooit rus die plig op ons om oor ons Afr.-skap te waak. Die stryd was eenvoudiger ~~duideliker~~ makliker toe ons in die pol. opposisie was; dit het ~~meer ingewikkelder~~ ingewikkelder moeiliker geword sedert ons die bewind oorgeneem het. Dis hier waar die groot taak v. ons kult.-org. inkom, veral ook v. Jun. Rapp.-ryers.

Ons soek na leiding, na riglyne. Ons kan nie beter doen as om vandag op dr. M. se siening te let nie; dit bly vandag nog waar. Eerste prioriteit: eenheid van Afr.-dom — kult. eenh. — daarop moet verder gebou word.

Daarna staatk. eenheid, ook met anderstaliges, om almal in S. A. gelukkig saam te woon.

Fundamenteel: Kult. eenh. en pol. eenh. — hoef nie strydig met mekaar te wees nie, inteendeel, vul mekaar aan in gemeenskapl. vaderland.

V Slot.

Ontwaak: Wapens, rykdom maar swak van gees — afr. in Eng. winkel, afr. skole, ook [illegible] Vereniginge

Nuwe toestand aanwesig; met Godsvertroue vorentoe.